# Mense en kos

## Graad 4: Geografie



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Die kos wat mense eet

Ons almal het kos nodig om te lewe. Ons eet verskillende **soorte kos**. Mense kry hulle kos op **verskillende maniere**.







Sommige vrugte soos appels word in **boorde** geplant.

Sommige vrugte soos druiwe word in **wingerde** geplant.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Die kos wat mense eet (Vleis)



Skape







Varke



Hoenders









Beeste

Sommige kossoorte kom van **vee** en **lewende hawe.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Die kos wat mense eet (Vis)

Die meeste van die vis wat ons eet word in die see gevang.













Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Die kos wat mense eet (Suiwel)








Die koeie eet voer wat op die plaas gekweek word. Boere sit ekstra voedingstowwe by die voer sodat die koeie se melk van beter gehalte is.

Die melkmasjien draai in die rondte. Die koeie eet kos terwyl hulle gemelk word. Dit laat hulle stilstaan en help hulle om meer melk te gee.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Die kos wat mense eet (Suiwel)

**Suiwelprodukte** kom van die melk van diere.




Botter






Melk



Kaas



Joghurt



Roomys

Het jy al ooit **bokmelk**-produkte probeer?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Kos uit jou omgewing

LAERSKOOL MIKRO

Soms kom die kos **uit jou omgewing**.



Jy kan jou eie groentetuin in jou agterplaas plant.



Klein groenteplase naby jou huis.

o Kopiereg ©

# Kos wat van ver af kom

Soms kweek mense duisende kilometer ver van ons af vrugte en groente wat **ingevoer** word van ander lande.







Groot boerderye gebruik trekkers en implemente om hulle te help. Dan voer hulle die vrugte en groente uit na ander lande.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Rou en gaar

Party kosse kan **rou of gaar** geëet word. Ander kosse moet **gaar**gemaak word voordat dit veilig is om te eet.



rou wortels



rou vleis

gaar wortels



gaar vleis







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vars en geprosesseerde kos

Sommige kos is **vars**, maar ander kosse is **geprosesseer** en kom in verpakking, blikkies of bottels om dit langer te laat hou.

